OB1'10
13 Januarie 2010

Geagte Ouers

Met die Nuwejaar alreeds dertiendae oud wil ons graag vir u elkeen 'n wonderlike en geseënde 2010 toewens. Mag dit 'n jaar vol vreugde, vrede, geluk, blydskap en liefde wees.

Aan al die nuwelinge en hul ouers, baie welkom by Vissieland!! Ons vertrou dat u alreeds sommer baie tuis voel en dat u spoedig by die skool en al sy bedrywighede sal inskakel om sodoende deel van die wenspan uit te maak.

Die volgende belangrike inligting aan u:

1. **<u>Oueraand en Kenmekaarfunksie</u> (Kinders ingesluit)**
Vind plaas op **Donderdag 14 Januarie 2010 om 18:30** in die skoolsaal. Tydens hierdie geleentheid kan u ook met u kind se klasonderwyser kennis maak en oor moontlike skolastiese en ander probleme in gesprek tree wat die kind mag ervaar en/of 'n afspraak reël wat albei partye beter pas. **Graadkomitees** word ook dié aand verkies en daarna gaan ons heerlik om braaivleisvure saamkuier. Die voorsitter en projekte Beheerliggaamslede wil belangrike inligting aan u deurgee (10min) en versoek ons u om in getalle op te daag.

Die volgende reëlings vir die bring-en-braai:

- die skool verskaf braaiers, vure, pap en sous
- u bring die volgende: vleis (broodjies en slaai is opsioneel); voggies; eetgerei (borde, glase, messe, vurke ens); braaigereedskap; speserye / sout ; eie stoele en eie tafeltjie. Die skool plaas wel tafels en stoele uit maar besit net 'n beperkte hoeveelheid.

Voltooi afskeurstrokie en stuur op Donderdag 14 Januarie 2010 (môre) terug aan register-onderwyser.

2. **<u>Huissport</u>**
Vind plaas op Dinsdag 19 Januarie 2010 om 09:00 op die atletiekveld. Leerders sal om 08:00 afbeweeg na die sportveld. Om 08:30 kry die voorskoolse outjies en jonger 'n geleentheid om te hardloop. Dit is nie nodig vir ouers om op die stadium atletiekdrag aan te koop nie. Spanbestuurders sal duidelike riglyne verskaf oor wat leerders moet aantrek vir die huissport.

3. **<u>Atletiekoefening</u>**
Oefensessies begin vanaf Woensdag 20 Januarie 2010 om 13:40 tot ± 15:00 en daar word gefokus op hekkies en velditems. Naellope oefen gedurende aktiwiteitsperiode in skooltyd.

4. **<u>Huiswerkboekie</u>**
Leerders ontvang elk 'n huiswerkboekie-/inligtingsboekie wat dien as kommunikasie-middel tussen onderwyser en leerder asook tussen onderwyser en ouers en bestaan uit die volgende afdelings:

- Persoonlike besonderhede -ouer moet dit volledig voltooi.
- Doel, strewe, visie, missie en etos van skool
- Erekode van leerders
- Algemene inligting
- Afwesigheidsnotas
- Toestemmingsbrief selfoon – deur Prinsipaal uitgereik
- Skoolreëls / gedragskode

5. Skooltye

- Skool begin 07:30
- Skool sluit vir Gr.1 en 2 leerders : 12:30
- Skool sluit vir Gr. 3 tot 7 leerders: 13:30 (Gr.3's sluit wel op Maandae en Woensdae om 12:30).

Meer inligting rondom belangrike datums en ander inligting rakende die kwartaal sal volgende week aan u verskaf word.

Vissiegroete

_____
J.S. Roothman
Prinsipaal

AFSKEURSTROKIE

**** STUUR TERUG OP DONDERDAG 14 JANUARIE 2010**

Oueraand en Kenmekaarfunksie

Ons as ouers van _____ in Gr. ____ sal die funksie bywoon / nie bywoon (skrap)
Aantal volwassenes: _____
Aantal kinders: _____